
# GELOFTEDAG
# 16 DESEMBER

## 'N VERBOND OF 'N BELOFTE?



# INLEIDING

Aandag aan alle lesers van hierdie stukkis geskiedenis wat so 'n groot rol in die Boere se lewens gespeel het en nog steeds speel. Ek wil net graag onder u aandag bring dat geen van die werke my eie is nie en maak nie aanspraak op enige van die werke nie behalwe dat ek dit saam gevat het in 'n eenheid om dit makliker beskikbaar te maak vir die lesers. Daar is so baie geskiedenis en webwerwe wat daaroor handel en elkeen gee net 'n gedeelte van die storie. Of elkeen het 'n ander siening van die storie.
Vir my egter gaan dit nie hier oor wie die reg het en wie nie, dit is ons geskiedenis en ons is geregtig om ons eie geskiedenis te kan deel met ons volksgenote. Meeste van die informasie is in elk geval vrylik beskikbaar in die biblioteke en argiewe.
Ek het waar ek kan onthou ek die informasie vanaf gekry het, hulle verwysings geplaas. Volgens die inligting hierin saam gevat is dit 'n groot en moeilike stryd gewees en is dit nog steeds. Ons moet egter nie uit die oog verloor dat ons voorvaders 'n verbond met GOD aangegaan het nie. En ons as die nageslag moet seker maak dat ons dit volhou en volbring. 'n Verbond met GOD is nie 'n belofte wat jy maak aan jou medemens nie. Daar is 'n daadwerklike verskil tussen 'n verbond en 'n belofte. Hier is die verklarings soos in die HAT van 2009 aangegee.

**ver·bond′** s.nw. [e]

**1** Vereniging van 'n aantal persone, state, groepe, ens. om 'n bepaalde doel te bereik; alliansie; bond: *'n Offensiewe, defensiewe verbond. 'n Verbond sluit, aangaan.*

**2** Ooreenkoms: *Maar met jou sal Ek my verbond oprig* (Gen. 6:18). *Die Ou en die Nuwe Verbond*, Ou en Nuwe Testament.

**belof′te** s.nw. [~s]

**1** Wat beloof, toegesê word: *Jou belofte nakom, hou, vervul, aflê. 'n Belofte naleef. 'n Belofte aan iemand maak. Iemand van 'n belofte ontslaan*, hom daarvan vrystel. *Belofte maak skuld*, wat 'n mens beloof het, moet jy doen – dikwels met die toevoeging, *en wie daarop wag, raak gekuld.*

**2** Verwagting van iets goeds: *'n Skrywer vol belofte. Die weer hou groot belofte in.*

**ge·lof′te** s.nw. [~s] Plegtige belofte, onderneming, veral teenoor God: *'n Gelofte aflê, breek, betaal, gestand doen, hou, nakom, vervul. Elke gelofte of eed waarmee ('n vrou) haarself wil kasty, kan deur haar man van krag gemaak of nietig verklaar word* (Num. 30:13 NV).

Dit is nou op ons elkeen se skouers om te besluit vir homself en sy familie of hulle gaan hou by dit wat hulle voorvaders gegee het en of dit vandag nie meer vir hulle geld nie.
Verder wil ek net ook sê dat Geloftedag en die gelofte wat afgelê is niks te doen het met rassisme of iets soortgelyk nie. Dit is 'n werklikheid wat gebeur het en nie net die boere van daardie tyd is daardeur geraak nie maar ook van die ander volke was betrokke daarby. Ook hulle het gely en geveg teen die diktator "Dingaan".

**Net onder die foto van die Gedenkplaat op die volgende bladsy is die Gelofte wat afgelê is.**

Casper du Plessis
http://phantocomp.weebly.com

# 16 Desember 1838, 'n Gelofte!

**Die slag van Bloedrivier** – 16 Desember 1838.





*Die gedenkplaat in die middel van die walaer op Bloedrivier met die gelofte wat die Voortrekkers onder leiding van Sarel Cilliers afgelê het. (van nuwegeskiedenis.co.za)*

Vier jy as Afrikaner vandag Geloftefees of Versoeningsdag?
Kom Afrikaners, trek saam om ons **voorvaders se gelofte aan God** te herdenk:

*“Hier staan ons voor die heilige GOD van hemel en aarde om ‘n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as ‘n dankdag soos ‘n sabbat sal deurbring, en dat ons ‘n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan hom te gee.”*

*Bloedrivier gedenkterrein.*
*(van geocaching.com)*



Geloftedag word op 16 Desember gevier ter herinnering aan die Slag van Bloedrivier, nie net as oorwinning vir die Voortrekkers nie, maar ook as ‘n triomf en oorwinning vir die Westerse beskawing en Christendom in Afrika. Daar bestaan geen rekord van enige Zoeloe Christene voor 16 Desember 1838 nie.

## DIE GEESTELIKE BEVRYDING VAN DIE ZOELOES

Ten spyte van die geestelike arbeid van die Britse en Amerikaanse sendelinge sedert 1820, was die houvas wat bygeloof op hulle gehad het, die regering van die Zoeloekonings en die vrees vir toordokters só groot dat nie een enkele Zoeloe op die prediking van die Evangelie gereageer het voor die nederlaag van Dingaan se impi’s by Bloedrivier nie. Om nog steeds Geloftedag te vier, is geensins anti- Zoeloe nie. Ek het in diepte opgelees oor hulle geskiedenis, strategiese slagvelde en het museums in Zoeloeland besoek. Ek beskou die Verbond wat die Boere met God gesluit het en die daaropvolgende Slag van Bloedrivier as die begin van die geestelike vryheid van die Zoeloes.

**Zoeloes gekersten**

Eers ná die Slag van Bloedrivier het honderde, en later duisende, Zoeloes Christus aangeneem. Na die oorwinning oor Dingaan se magte het die Afrikaanse Christene ‘n fantastiese sendingstasie en kerk by Mgundgundlovu (Dingaanstat) gebou.

Dit is binne sig van die plek waar Piet Retief en 100 van sy volgelinge brutaal gemartel en vermoor is. Die Afrikaanse sendelinge het ‘n skool vir blindes, ‘n opleidingskollege vir evangeliste en nog vele ander uitdrukkings van Christelike liefde vir hul voormalige vyande daargestel. As God se volk moet ons God ken en Hom bekend maak. Ons moet ons geskiedenis ken ten einde ‘n beter toekoms te kan bou. Ons moet ‘die tye verstaan’ (1 Kron 12:32) en weet wat God wil hê ons daaromtrent moet doen.

## TSAKA EN MFEKANE

Tsaka het die Zoeloes as ‘n groot oorlog volk gevestig. Hy het vernietiging golwe impi ebomvu (totale oorlog) van stapel gestuur wat groot dele van die land onbewoond gelaat het. Dit het tot die uitwissing van honderde stamme gelei. Bekend as die ‘Swart Napoleon’, het hy Suid-Afrika in bloed geweek en talle krale vernietig – veral tussen 1820 en 1824.

Tsaka word beskryf as groot, aantreklik en ‘n militêre genie. Hy het die Zoeloes as ‘n magtige oorlog masjien gevestig, nuwe geveg sisteme ingestel en die nuwe aanvalswapen, die assegaai, ingebring.

Hy het sy manne verplig om hul sandale weg te gooi en kaalvoet te loop om hul voete ‘hard’ te maak. Sy impi’s moes in dorings dans en indien enigeen pyn gewys het, is hulle onmiddellik van kant gemaak. Hy het sy manne afgerig om as ‘n eenheid, in die vorm van beeshorings, te veg. Die mees ervare impi’s was op die voorpunt om te ‘deurboor’ en die jonger impi’s was agter hulle om die vyand te omsingel. Zoeloes is opgelei om in te gaan om dood te maak. Hulle het elke liewe stam wat hul teengekom het, oorweldig en uitgewis.

## DINGAAN SE VERRAAD

Op 22 September 1828 is Tsaka, die Zoeloekoning en grondlegger van die Zoeloes, in sy slaap dood gesteek deur sy halfbroers, Prins Dingaan en Prins Mhlangana. Baie gou na die moord van Tsaka, het Dingaan ook gereël dat Mhlangana vermoor word en kort daarna elke iedere mededinger wat sy pad sou kruis.

Hy was ongeveer 30 jaar oud toe hy koning geword het. Hy het begin om vir homself ‘n nuwe hoofstat in Mgungundlovu (die plek van die groot olifant) te bou. Hy het baie vinnig meer as 300 vroue en byvroue gehad. Anders as Tsaka, het Dingaan verkies om net by sy paleis te bly. Hy was nie ‘n vegter soos Tsaka nie. I.p.v. aan die voorpunt van militêre veldtogte te wees, het hy die impi’s uitgestuur, maar self by die paleis agtergebly en was voortdurend omring deur dansers en feesvierings. Baie gou was hy ‘n gemaksugtige, oorgewig koning.

## DIE LIGGELOWIGE PIET RETIEF

Die Trekleier Piet Retief is deur sendelinge gewaarsku toe hy na Dingaan is om te onderhandel vir die Voortrekkers se verblyf in die ontvolkte gebied tussen die Tugela en Boesmansrivier (die hedendaagse Natal). Retief was egter uitermate vol selfvertroue en het alle waarskuwings verontagsaam.

## WAARSKUWINGS VAN SENDELINGE

Eerw. Francis Owen van die Church Missionary Society het as een van die koning se vertalers opgetree. Die meeste inligting omtrent Retief en Dingaan se onderhandelinge kom uit Owen se dagboek. Toe Retief Umgungundlovu bereik het, het die koning hom onthaal. Owen het Retief gewaarsku oor die talle wreedhede, martelings en teregstellings waarvan hy (onder dwang) die getuie was, tog was Retief baie beïndruk deur die 'erns, edelheid, intelligensie en welwillendheid' van Dingaan.

## DIE GOEDGELOWIGE SE REISE

Retief het Saterdag 3 Februarie met ongeveer 100 volgelinge in Mgungundlovu aangekom. Met die ondertekening van die dokument waardeur Dingaan toegestem het dat die Trekkers die gebied tussen die Tugela en Umzimvubu mag bewoon, het Retief gevoel dat sy vertroue in Dingaan geëer is en die dokument is met groot verligting in sy leer briewetassie gebêre.

Die sendeling, Owen, was egter baie ontstemd omdat Retief en sy volgelinge die erediens van Sondag 4 Februarie misgeloop het juis as gevolg van die ondertekening van hierdie dokument. Retief het later erken dat hy skoon vergeet het dat dit Sondag was.

Maandag is die Trekkers op 'n eindelose vertoning van oorlogsdanse en militêre krygsoefeninge getrakteer. Dingaan is ook as 'n 'meester in die vertoonkuns' soos nog nooit in die land gesien is nie, bestempel.

## WEERLOOS VOOR DINGAAN

Dinsdag het William Wood, 'n jong Engelse handelaar wat ook vlot in Zoeloe was, Retief gewaarsku dat hy en al sy volgelinge 'voor die einde van die dag uitgewis sou word.' Retief en sy manne is na 'n laaste afskeidsparty genooi net toe hulle gereedgemaak het om te vertrek. Hulle is versoek om hul gewere buite die kraalhekke te los.

Hulle het, verbysterend genoeg, aan die versoek voldoen. Na vele oorlogsdanse wat in volume en intensiteit toegeneem het, het Dingaan opgestaan en 'Babulaleni abathakathi!' (maak die towenaars dood!) geskree.

## KOELBLOEDIGE MOORD

Oorkant die stroom en op die oorkantste heuwel moes Francis Owen in afgryse toekyk hoe 'n magdom Zoeloes (omtrent nege tot tien per Boer) die magtelose slagoffers na die noodlottige plek op die heuwel gesleep het. Baie van die Boere is deur assegaaie deurboor en Piet Retief se jong seun is voor sy oë vermoor.

## MASSAMOORD OM MIDDERNAG

Ongeveer middag op die noodlottige Dinsdag, 6 Februarie, moes Eerw. Owen toekyk hoe Dingaan 'n reuse mag uitstuur in die rigting van waar die trekkers gekom het. In die vroeë oggendure van 17 Februarie het 10 000 Zoeloe krygers die slapende Voortrekkers tussen die Boesmans- en Blaauwkrantzrivier aangeval.

Die Trekkers is deur hul blaffende honde gewek. Golf na golf het die Zoeloe krygers mans, vrouens en kinders – hele families – uitgemoor.

## TEENAANVALLE GELOODS

Sarel Celliers en Gerrit Maritz het stormaanvalle geloods om van die voortvlugtendes te red. Vroue en kinders, sommige so jonk as tien jaar, het verwoed om oorlewing geveg. Die geveg het tot die middag van die 17de geduur toe die Zoeloes ten einde laaste met 25 000 beeste, perde en skape as buit teruggetrek het.

Honderde Zoeloes is in hierdie verwoede slag gedood. Toe die Voortrekkers hul eie dooies begin tel, het hulle gerou oor die dood van honderde vroue en kinders. 'n Dorpie is later op die plek aangelê en Weenen (Die Plek van Geween) genoem.

## LOKVAL BY BUFFELSRIVIER

'n Teenaanval op 6 April het daartoe gelei dat twee mededingende leiers, Piet Uys en Andries Potgieter, by Italeni oorkant die Buffelsrivier in 'n lokval gelei is. 'n Britse ekspedisie van Port Natal het

die Trekkers te hulp gesnel, maar tien van die kommando is gedood, insluitende Piet Uys en sy seun Dirkie wat langs sy pa aanhou veg het.

## ANDRIES PRETORIUS EN DIE WENKOMMANDO

Die koms van Andries Pretorius het nuwe hoop gebring. Hy het met 60 Transvaalse vrywilligers vir die Wenkommando wat hy op die been wou bring, gearriveer. Pretorius is, tydens 'n vergadering van die Volksraad, verkies tot Kommandant-generaal. Binne 'n paar dae het Pretorius met 464 mans en 64 waens uitgetrek om die Zoeloes te gaan aanval.

Hy het die leuse 'Eendragt Maakt Magt', wat later die leuse van die Transvaalse Republiek geword het, gehad. Alle lede van die Wenkommando het intensiewe lesings oor dissipline, Christelike gedrag, ordentlikheid, integriteit, meelewing en moed ontvang. Die predikant, Sarel Cilliers, het baie sterk aangedring op godsdienstige gebruike soos daaglikse oggend- en aandgodsdiens waartydens alle mans moes kniel.

Wanneer hierdie 64 waens beweeg het, het dit in vier rye beweeg sodat die ry nie te lank was nie en die voor- en agterhoede beskerm kon word. Elke nag is die laer getrek, wagte uitgesit, inspeksies gehou en verdedigingsvaardighede geoefen. Verkenningspatrollies is uitgestuur om inligting oor die Zoeloe bewegings oor te dra asook om hulle van moontlike gevare te vergewis.

## DIE GELOFTE

Net toe die Tugela rivier in vloed was, het die Wenkommando dit by Spioenkop oorgesteek. By Wasbank het Sarel Celliers op Sondag 9 Desember op 'n kanonwa geklim vir die oggend erediens.

Hy het 'n plegtige gelofte voorgestel: "My broers en landgenote, op hierdie oomblik staan ons voor die Heilige God van Hemel en aarde om 'n belofte te maak. Indien Hy met ons is en ons beskerm en nie aan die vyand oorlewer nie sodat ons oor hulle kan triomfeer; dan sal ons jaarliks hierdie dag en datum eer en herdenk as Dankdag en Sondag tot Sy eer.

Ons sal ons kinders en kindskinders hieroor inlig dat hulle deel van hierdie gelofte is ter herinnering aan ons nageslag. Indien enigeen 'n probleem hiermee het, laat hom dan nou van hierdie plek wegdraai. Die eer van Sy Naam sal hierdeur met vreugde verhoog word en aan Hom kom toe die eer en heerlikheid vir die oorwinning."(Vrye vertaling van die oorspronklike Nederlandse Gelofte). Alle Engelse vrywilligers het hulle by die Afrikaanse Voortrekkers gevoeg en die Gelofte afgelê en dit is vanaf 9 Desember elke aand tot en met die aand van die 15de tydens aandgodsdiens herhaal.

## KONFRONTERING VAN DIE ZOELOES

Daar was 'n kalm doelgerigtheid onder die lede van die Wenkommando. Hulle het baie goed besef dat hulle teen 'n sterk mag in Afrika gaan veg. Tot op daardie stadium is die Zoeloe impi's nog nooit in enige geveg verslaan nie. Hulle het geweet dat Dingaan meer as 20 000 krygers het wat hy gelyktydig teen hulle kon instuur – en hulle was net 464.

Die Kommando het Saterdag 15 Desember die Buffelsrivier oorgesteek en tussen die Buffels- en Ncome-rivier uitgespan. Twee verspieders het berig gebring, dat hulle 'n groot Zoeloemag sowat een en 'n half uur weg gesien het. Pretorius het die terrein vir 'n geskikte laer gebied verken en hy het God se hand hierin gesien, aangesien hy 'n perfekte plek aan die anderkant van die Ncome-rivier gesien het.

## LAER OPGESLAAN

Aan die Wes oewer was 'n diep seekoeigat en 'n enorme donga of kloof. Die laer is opgestel deur gebruik te maak van hierdie twee natuurlike verdedigingskenmerke aan beide kante. Die 64 waens is baie stewig aan mekaar vasgewoel met slegs twee geveg openinge waar die kanonne opgestel is. Die agterkant van die D- formasie was teen die donga en die semi- sirkel in die oopte. Kerse is uitgesit en lanterns is oral aan die lang sweephingsels opgehang ten einde te verhoed dat die Zoeloes die laer ongesiens in die nag kan bereik.

Terwyl Sarel Celliers die Kommando in die herhaling van die gelofte vir die laaste keer en die sing van Psalms gelei het, het die Zoeloes binne hoorafstand van die laer gekom. Hulle kon net die spookagtig verligte laer sien en die vreemde sang hoor.

## VERSLAAN DIE ONOORWINLIKE

Dit was ‘n spanningsvolle, maanlose nag. Twee uur voor sonop was al die Trekkers reeds op hulle poste. Die mis het gelig en ‘n perfekte dag sonder wolke of wind, het gebreek. Toe die mis lig, het die Boere die ganse Zoeloemag voor hulle sien sit met die skilde voor hulle. Die voorste linie was slegs 40 treë van die halfmaanvormige laer weg. Ry na ry van die Zoeloeregimente het saamgegroepeer gesit volgens die kleur van hulle skilde.
Daar was tussen 15 en 20 duisend. Die dag het begin met ‘n woeste geveg – die Zoeloes het gesis, gegil, hul assegaaie teen hul skilde gestamp, donderend met hul voete op die grond gestamp en toe die laer bestorm. Die twee kanonne het bane deur die menigtes geskiet en die dodelike korrel van die Boere het sy tol geëis.
‘n Massa Zoeloes het probeer om die agterkant van die laer, deur die donga, te bestorm, maar Sarel Celliers het sy manne gelei om hulle af te sny.

## DIE ZOELOE-GETY


Die Zoeloes het tot die aanval oorgegaan – ‘n swart vloedgolf wat op die waens afgekom het. Die roers het gevaarlik warm begin word, waseile is met assegaaie en spiese deurboor, maar die strategiese plasing van die laer het die Zoeloes grensloos gefrustreer.
Hoe nader hulle aan die waens gekom het, hoe meer is hulle opmekaar getonnel deur die donga en die rivier totdat hulle oormekaar en oor hul gesneuweldes geval het. Hul verliese het enorm geraak sonder dat hulle iets kon vermag. Nog nooit in die ervaring van hierdie krygsnasie het so iets met hulle gebeur nie.
Andries Pretorius het ‘n tempo verandering in die geveg aangevoel en hy het ‘n stormloop in die middel van die impi mag gelei. Vir die eerste keer in Zoeloe geskiedenis het die impi’s op die vlug geslaan. Die eenheid waarop hulle strategie gebou is, is verbreek. Toe die son sak, het die uitgeputte Kommandolede teruggekeer vir ‘n Dankdiens en vir hul eerste ete van die dag.

## LIEFDE VIR HUL VYANDE

Dit is merkwaardig dat, t.s.v. die verraad wat die Boere moes verduur en die massamoord op so baie vroue en kinders op die oewer van die Blaauwkrantsrivier, daar geen verskriklike gruweldade in vergelding deur die Boere gepleeg is nie.
Inteendeel, in ooreenstemming met die Bybelse mandaat om jou vyande lief te hê, is die ernstigste sendingaksies, begin deur die Hervormde Kerk in Zoeloeland, van stapel gestuur. Skole, hospitale, kerke en weeshuise, selfs binne sig van die plek waar Piet Retief en sy manne so wreedaardig vermoor is, is opgerig.
In die een en ‘n halfeeu sedert die eerste Geloftedag, het miljoene Zoeloes Christus aangeneem en is Zoeloeland geseën met herlewing. Op ‘n baie werklike manier het dit alles met die heel eerste Gelofte wat deur Sarel Celliers afgelê is, begin. Hulle is dus vrygemaak om Christus te dien.

Dr. Peter Hammond is die Voorsitter van The Reformation Society.
Besoek www.ReformationSA.org
Dr. Hammond is beskikbaar vir kerkpraatjies en kan geskakel word by 021 689 4480.
Die artikel was oorspronklik in JUIG! tydskrif gepubliseer.

The Reformation Society
PO Box 74, Newlands, 7725, South Africa
Tel : (021) 689-4480 Fax : (021) 685-5884
Email: mailto:info@christianaction.org.za
Copyright © 2006 ReformationSA.org. All rights reserved



**Volgens skrywers die beste voorstelling van die laer by Bloedrivier**

# Laeraanvalle en veldslae
# Deel 5
# Die Slag van Bloedrivier (16 Desember 1838)

**Andries Pretorius word ontbied**

Die moord op Piet Retief en sy geselskap, die slagting van die Trekkers by Blaauwkrantz, die mislukte Italeni ekspedisie en die onveilige en onsekere situasie in Natal, laat Maritz en sy mense besin oor leierskap, en veral 'n militêre aanvoerder. Gert Maritz stuur Frans Hattingh, 'n neef van Pretorius, **Sarel Cilliers** en nog 'n Trekker na Letskraal[1] naby Graaff-Reinet met die dringende pleidooi om die Trekkers te kom help. Nadat Pretorius vir Hattingh deeglik ondervra het, stuur hy sekere opdragte saam met hom. Die trekkers moes, onder andere, *veghekke* maak vir die voorgenome laer wat as basis sou dien vir die kommando se aktiwiteite - om voorsiening te maak vir die afwesigheid van doringbosse.

**Pretorius word aangestel as hoofkommandant**

Op 22 November 1838 kom Pretorius by die laer aan die Klein Tugela aan. Op 25 November stel die Volksraad,[2] wat in die hooflaer byeenkom, hom as hoofkommandant[3] aan. Onmiddellik na die vergadering word 'n krygsraad gehou en twee dae daarna, op 27 November 1838 vertrek Pretorius met sy **kommando van 464 man** (gekleurdes ingesluit)[4] in die rigting van Dingane se hoofstad. Andries Pretorius besluit dat die kommando met **64 ossewaens laer** sal trek, eerder as om die Zoeloes in die oop veld te perd aan te durf. Pretorius word bygestaan deur **kommandant Karel Landman***, sy tweede in bevel, en kommandante Piet Jacobs, Koos Potgieter, **Hans de Lange** en Stephanus Erasmus.

Kommandant Pretorius roep sy kommandante, veldkornette en manskappe bymekaar. Elke offisier en manskap kry instruksies oor wat presies van hulle verwag word. Pretorius dring aan op totale gehoorsaamheid en geen teëpratery en die kommando word aangespoor tot manmoedigheid, versigtigheid en eensgesindheid.[5] Hy gee opdrag dat geen vroue en kinders in die toekomstige gevegte geskaad word nie. Kommandant Landman spreek 'n paar woorde en vra Sarel Cilliers om voor te gaan in gebed. Op hierdie wyse word die lede van die kommando elke dag besiel en afgerig om binne minder as drie weke in 'n merkwaardige krygseenheid te ontwikkel.

**Die optog na Bloedrivier**

Die Tugela is in volle **vloed** dus steek die kommando die rivier oor by sy bolope naby **Spioenkop** en die **eerste laer** word aan die oorkant van die Tugela getrek. Kommandant Pretorius beduie in

besonderhede hoé die laer van nou af aan opgestel moet word. **Elke aand** word dus laer getrek, **wagte** uitgeplaas en inspeksies gehou. Patrollies en verkenners word daagliks uitgestuur, somtyds met Pretorius self as leier. Die waens beweeg in 'n formasie van vier rye sodat die string nie te lank is nie. Die voor- en agterhoede van die gelid word deeglik beskerm. Elke **kommandolid se wapens** word in volle gereedheid gehou, nagegaan en weer nagegaan. Afgesien van die patrollies word veld-oefeninge gehou, met die manskappe in hulle veldkornetskappe ingedeel, om tug en ordelikheid by elkeen in te skerp. Twee voorlaaier- kanonne, die een genaamd "ou Grietjie" word uitgetoets en ge-reed gehou. Hier by die Tugela word eers krygsraad gehou gevolg deur 'n diens gelei deur Cilliers. 'n **Patrollie** onder Stephanus Erasmus word daarna uitgestuur om die krale van Joob, 'n Zoeloe hoofman wat die afgelope tyd las gegee het, te verken.

Die optog bereik die Kliprivier waar Kmdt. Landman en sy groep van 123 man by die laer opdaag. Hulle word vergesel deur Alexander Biggar,[6] Eerw. Parker en Robert Joyce en 100 "mak swartes" van Port Natal. Die Trekkers beweeg nou in 'n noordelike rigting, noord van die huidige Ladysmith, oor Danskraal en die teenswoordige Biggarsberge en op 5 Desember word kamp opgeslaan by Elandslaagte. Hans de Lange lei 'n patrollie van drie man om Joob se krale weereens te bespied en moet hulle verdedig toe hulle onverwags midde in 'n groep Zoeloes bevind. Hulle neem een Zoeloe gevange en bring hom laer toe. Ná ondervraging ruk Pretorius met 300 man op na Joob se krale - die swartes het hulle egter intussen uit die voete gemaak. Op 6 Desember vertrek die laer om Wasch-bank (Sondagsrivier) op 8 Desember te bereik. Hiervandaan vorder die Trekkers oor die berge tot by Zandspruit (die huidige Kliprivier).

**Die Gelofte**

In hierdie tyd word die **Gelofte** onder leiding van Sarel Cilliers afgelê waarmee die Trekkers plegtig belowe dat, indien God hulle sou help om die Zoeloemag te oorwin, dié dag aan die nageslag be-kend gemaak sal word, dat dit gevier sal word ter ere van God en dat 'n kerk in Sy Naam opgerig sou word.[7] Na 9 Desember word die Gelofte elke aand, tot 15 Desember, in die laer herhaal.

**Verkenning**

Op 11 Desember bereik die kommando die Umzinyathi of Buffelsrivier. Hier kom Pretorius se ver-kenners die eerste Zoeloe spioene teë. Parker, met 'n aantal swart verkenners, dood 'n Zoeloe in 'n kort skermutseling. Pretorius besluit om by die Buffelsrivier te vertoef en stuur op 12 Desember twee patrollies uit, een onder leiding van Kmdt. De Lange en die ander, bestaande uit swart spioene onder Parker se aanvoering. Laasgenoemde groep kom weer Zoeloes teë, dood een en neem 'n swart man en aantal swart vroue gevange. Die Zoeloe val Parker aan en dié skiet hom dood. Pretorius skryf sy naam op 'n wit doek en stuur die vrouens na Dingane met die doek en 'n boodskap dat die kommando gekom het om hom te straf. Indien hy sy samewerking gee, is Pretorius gewillig om vrede te maak. Indien hy verkies om te veg, moet hy besef dat die witmense nie gaan bes gee nie, al neem dit tien jaar.


'n Patrollie bemerk op 13 Desember 'n groot aantal Zoeloes naby die laer met 'n trop beeste. Hierdie lyk na die soort lokval waarin Piet Uys en sy makkers gedood is en op 14 Desember stel Pretorius ondersoek in met 120 perderuiters. Agt Zoeloes word hier in 'n skermutseling doodgeskiet.

Op Saterdag, 15 Desember, steek die kommando die Buffelsrivier oor en span uit tussen dié rivier en die Ncome,[8] 'n sytak van die Buffels. Twee verkenners, Jan Robbertse en Hans Hattingh, rapporteer dat 'n groot Zoeloemag ongeveer 'n halfuur te perd van die Trekkers af saamtrek. Na Pretorius die omgewing bekyk het, word besluit om oorkant die Ncome, aan die weste kant, laer te trek. Hier is 'n diep seekoeigat en 'n donga met 'n baie hoë wal wat 'n ideale ruimte vir 'n laer bied. Die kamp-kommandant, Piet Moolman, kry opdrag om 'n halfmaanvormige laer te trek met die donga agter die waens. 'n Geoefende groep van 150 man spring aan die werk terwyl 300 berede manskappe onder Pretorius 'n kanon in die rigting van die Zoeloes sleep.

**Die laer by Bloedrivier**

Die waens word só opgestel dat twee kante deur die seekoeigat en die donga beskerm word. Dit maak die laer groot genoeg om die kommando se osse en perde te huisves. Die waens word deeg-lik met rieme aan mekaar vasgemaak met die *veghekke* wat elke opening toemaak. Twee smal openinge maak voorsiening vir die perderuiters wanneer hulle die laer sou verlaat en hekke word gereed gehou om hierdie openinge te sluit.

Intussen nader Pretorius, Cilliers en De Lange met hulle ruiters die Zoeloe krygers wat nou sissend neerhurk. Groepe Zoeloes jaag 'n groot klomp beeste aan in die hoop om die kommando in 'n hinder-laag te lok. Die trekkers word egter nie om die bos gelei nie en Pretorius hou by sy besluit om nie die




impi in die oop veld aan te val nie. Hy verdeel die kommando op in groepe van vyftig, vyftig treë van mekaar en paradeer die manne voor die Zoeloemag. Hulle word noukeurig dopgehou maar die Zoeloes val nie aan nie en die kommando vertrek terug laer toe. Pretorius doen inspeksie en laat kerse opsteek wat orals in die laer geplaas word, sommige op lang sweepstokke. Die laaste verkenner daag op met die nuus dat die hele Zoeloemag nader beweeg het en kort anderkant die rivier naby die laer stelling ingeneem het. Na skatting het tussen 10 000 en 15 000 krygers hier saamgedrom onder leiding van Ndlela en Dambuza, gereed vir die aanval op die Trekkers. Dingane was nie teenwoordig nie maar hierdie impi het die room van sy mag verteenwoordig. Twee prinse en verskeie hooggeplaastes uit Dingane se krale het onder die Zoeloe krygers getel.
Die trekkers nuttig aandete, versorg die diere (ongeveer 900 osse en 500 perde), wat in kringe vas gemaak word, en Sarel Cilliers lei die aanddiens en herhaal die Gelofte - vir die laaste keer voor die geveg. Wagte word elke twee uur vervang terwyl dié Trekkers wat wel slaap, volledig gewapen is. 'n Stilte sak op die laer neer en later word slegs die perde se gesnork en die osse se kreune gehoor.


**Die Slag (Sondag, 16 Desember 1838)**

Twee ure voor dagbreek is al die manskappe op hulle poste en gewapen. Die kanonne is in openinge opgestel om die geweervuur te ondersteun. Die mistigheid klaar op en 'n perfekte wolklose en windlose dag breek aan. Die laer is omsingel deur die Zoeloemag met hulle skilde - die voorste linie sit slegs omtrent veertig treë van die waens, met ry op ry krygers agter hulle oor 'n area van nagenoeg 1000 treë.



**Sarel Celliers lê die Gelofte af namens die Trekkers**

Die Zoeloes sit opgedeel in hulle regimente, elk met sy kaptein; alle oë op Ndlela en op Dambuza, wagtende vir 'n teken om aan te val. Pretorius maan sy manne om nie die groot getalle te vrees nie: "Ons sal oorwin". Naaste aan die waens is Dambuza se mag opgestel terwyl Ndlela se krygers by die seekoeigat saamgetrek is en nog 'n groep hulle binne die donga tuisgemaak het.



Kommandant Pretorius besluit om die eerste aanval te loods; en op sy teken word die stilte verbreek deur die gedreun van die olifantgewere en die snaphane. Drie sarsies word afgevuur terwyl bulderende kanonne, wat deur Bart Pretorius en Joubert beman is, paaie deur die Zoeloes se linies ploeg.

**'n Replika van die waens met die veghekke, die lanterns en die een kanon.**

Die kruitrook lê soos 'n wolk oor die laer en op Pretorius se teken staak die kommando tydelik vuur. Toe die wit kruitdamp ooptrek merk die Trekkers dat die Zoeloes nou 500 treë agter hulle gewonde en gesneuwelde makkers teruggeval het en hoe vars regimente hulle by die impi aansluit.

Die trekkers hoor hoe bevele uitgeskreeu word en sien hoe die voorste krygers hulle assegaaie se stele breek om steekassegaaie te maak. Die Zoeloemag bestorm die laer met onaardse gille, skilde omhoog en assegaaie in gereedheid. Sommige vorder tot baie naby die laer en talle assegaaie tref die waens se seile. Die kommando se geweervuur stop die aanstormende menigte in hulle spore terwyl 'n aantal Trekkers die beeste en perde wat verwilderd raak, met geweerskote onder beheer bring.



'n Aantal Zoeloe krygers drom in die donga saam en klim op mekaar se skouers om die Trekkers onder skoot te kry.
Sarel Cilliers en 'n groepie manskappe kry opdrag om hierdie bedreiging vanaf die wal van die donga die hoof te bied. Hulle dood ongeveer 400 krygers in dié skermutseling, maar Philip Fourie word gewond toe 'n assegaai hom in die dy tref.

**"Ou Grietjie", die kanon, in aksie**

Pretorius rig 'n kanon op Ndlela se regi-ment en toe die skoot tussen die krygers bars, vlug hulle uit die donga; sommige spring in die seekoeigat terwyl andere by Dambuza se regi-mente aansluit. Kmdt. Jacobs betwyfel Pretorius se besluit om die donga aan te val. Hy voel dat die aanval op die waens só versterk word. Kommandant Pretorius weet egter presies wat hy doen: hoe digter die linie krygers, hoe meer word op 'n keer raakgeskiet. Pretorius wil nie toelaat dat die laer omsingel word nie en wil probeer om die geveg in die kommando se guns te beklink vóór die ammunisie opraak.
Die Trekkers se geweer- en kanonvuur dryf die Zoeloes weereens terug en die impi retireer tot 500 of 600 treë van die laer. Boodskappers skarrel tussen die aanvoerders terwyl die ou ringkoppe op hulle gemak sit en snuif. Die kommandant se broer, Bart Pretorius word uitgestuur, vergesel van 'n paar manskappe en 'n tolk. In 'n poging om die Zoeloes uit te tart, vra hy: "Wat doen julle nou, manne van Dingane? Ons het gekom om te veg - nie teen weerlose vroue en kinders nie, maar teen *manne*! Hoekom val julle nie aan nie?" Die krygers sis, maar verder gebeur daar niks. Bart hulle vuur 'n paar skote in die impi se rigting en keer terug laer toe.
Weer rig Pretorius kanonvuur in die rigting van die linies. Die Zoeloes spring op en die swart golf rol aan in die rigting van die laer, al trommellende op hulle skilde terwyl hulle gil, fluit en sis. Hierdie aanval is die langste van die hele geveg, maar die Trekkers skiet egter sarsie na sarsie om honderde krygers te dood of te verwond. Die gewere se lope word só warm dat die manskappe vrees dat dit enige oomblik kan ontplof. Die Zoeloes val weer terug en bly nou buite die Trekkers se skootafstand - hulle verliese is geweldig en die aanval was sonder enige sukses. Die geveg duur nou bykans twee ure en die blaaskans word verwelkom terwyl die kruitdampe uit die laer styg.



Bart Pretorius lei nou drie stormlope te perd tot in die Zoeloe linies. Die manne skiet uit die saal op die digste samedrom-ming van die impi en probeer om langs die donga by die vyand se linkervleuel verby te jaag. Terwyl die voorste ge-ledere van die Zoeloes retireer, probeer regimente wit skilde agter hulle vorentoe dring en op die kommando afstorm. Die wit skilde word eers agtertoe gedwing en Bart se kommando skiet honderde gedurende dié beweging dood.

**'n Foto van "Ou Grietjie"**

Uiteindelik storm die krygers, versterk deur die jonger regimente weer vorentoe. Pretorius en sy perde-ruiters word gedwing om terug te val laer toe. Die kommando loods 'n tweede stormloop en slaag daarin om die Zoeloes verder terug te dryf met knap skietwerk en bedrewe ruitery. Die manne val egter weer terug toe die linies vorentoe dryf. Die skuts in die laer trek andermaal los en slaan die aanval af met hulle gewere en kanonne. Die derde stormloop is egter meer suksesvol: die perde-

kommando sny deur die Zoeloegeledere en val nou die linies in die oop veld van agter aan.
Andries Pretorius laat die kanonne uit die laer sleep en bestook die aanstormende bendes van voor. Die impi breek op en Bart en sy ruiters jaag in die opening in, verdeel die krygers en met die hulp van die kanonne dryf hulle die vyand al verder uitmekaar. Andries Pretorius lei 'n verdere stormloop uit die laer; toe die Zoeloes in twee groepe vlug, verdeel Pretorius sy manne ook en so agtervolg hulle die vlugtendes vir omtrent drie ure.
Dambuza se regiment probeer die Ncome oorsteek - talle word daar naby die laer doodgeskiet terwyl baie gewondes ook in die rivier spring. Die water verkleur rooi van die Zoeloes se bloed - vandaar die naam, "Bloedrivier". Sarel Cilliers en sy ruiters jaag Ndlela se krygers en hulle slaan ook op die vlug terwyl hulle op strepe platgetrek word. Die hakkejag duur tot die middag voor die kommando's terugkeer laer toe. Toe Andries Pretorius 'n kryger probeer vang om hom met 'n boodskap na Dingane te stuur, steek die Zoeloe in sy rigting met sy assegaai. Pretorius skiet en mis die man, sy perd spring terug en noodsaak Pretorius om af te spring. Die Zoeloe steek weer 'n keer na Pretorius wat die assegaai met sy geweer afweer. Die derde keer klap Pretorius die assegaai met sy linkerhand weg maar die lem steek deur sy handpalm. Pretorius pen die kryger op die grond vas terwyl dié hom probeer verwurg. 'n Makker trek die assegaai uit Pretorius se hand en steek die swarte daarmee dood.
Terwyl Gerrit Raath en 'n mede trekker na die agtervolging koers neem rivier toe, kom hulle op 'n gekweste Zoeloe af. Om ammunisie te spaar wil hulle die man met sy eie assegaai dood, maar dié spring op en steek Raath in die rug. Die Trekkers skiet die kryger mis en die Zoeloe beland bo-op Raath en 'n gestoei ontstaan. Hattingh sien die worsteling, gryp die assegaai uit die man se hande en steek hom daarmee dood. Raath herstel gelukkig later van sy wond.



**Voorstelling van die geveg by die donga**

Die Zoeloemag slaan op 'n totale vlug en die kommando's keer terug laer toe. Die Trekkers het nie 'n enkele man verloor nie en slegs drie is gewond: Andries Pretorius, Philip Fourie en Gerrit Raath. Na skatting is omtrent 3000 Zoeloe krygers in die omgewing van die laer dood, maar 'n groot aantal het in die agtervolging gesneuwel. Die Trekkers doen 'n dankgebed en nuttig 'n welverdiende ete waarna hulle die gewere skoonmaak en lopers giet vir moontlike verdere skermutselings met Dingane se impi. Kommandant Landman en 'n kommando met vars perde rapporteer later dat daar geen teken van die Zoeloemag in die omgewing te bespeur is nie. Andries Pretorius roep die aand sy manne bymekaar vir 'n krygsraad waar besluit word om Dingane in sy hoofstat aan te pak. Die sogenaamde ***Wenkommando*** ervaar daardie aand 'n ongekende opwinding na 'n spannende en vermoeiende dag en kry 'n goeie nag se rus in.

**Begrafnisse (17 Desember 1838)**

Vroeg op die oggend van 17 Desember 1838 word die laer by Bloedrivier uitmekaar gemaak en die Trekkers kies koers na Umgungundlovu, Dingane se hoofstat. By Italeni word Piet Uys en sy gestorwe makkers se oorblyfsels gesoek en begrawe. Teen 20 Desember 1838 is Pretorius se kommando naby die hoofstat en 'n patrollie word gestuur om verkenning te doen. Tot hulle verbasing aanskou hulle hoe die hele kraal in ligte laaie staan. Dingane, sy vrouens en sy onderdane is besig om noordwaarts te vlug met hulle vee en honde. Pretorius trek laer en hy en 200 man deursoek die terrein van die smeulende stat. Hulle vind ook Piet Retief se geselskap se oorblyfsels by kwaMatiwane waar hulle vermoor is. Die individue word uitgeken aan hulle klere, artikels in hulle sakke, knope, ens.
Langs Retief lê sy waterbottel en leertas met korrespondensie en die traktaat wat Retief en Dingane geteken het. Op Kersdag begrawe Andries Pretorius en sy manne die Retief geselskap se gebeendere in 'n gesamentlike graf aan die voet van die koppie.

**Die hinderlaag by die Wit Umfolozi (Sondag, 27 Desember 1838)**

Die Trekkers word op 27 Desember 1838 in 'n hinderlaag gelei toe Dingane se krygers in 'n kloof onder hulle skilde skuil.[9] Kommandante Landman en De Lange se manne word van die laer afgesny deur die hordes Zoeloes en word gedwing om deur die Wit Umfolozi rivier te swem. In die daaropvolgende daglange geveg sneuwel Alexander Biggar, vyf Trekkers en byna al Biggar se swartes. Aan die Zoeloes se kant word ongeveer 1000 dooies getel. Hans de Lange se besluitneming en vinnige

handeling red die kommando uit die hinderlaag en die Trekkers bereik die veiligheid van die laer. Op 1 Januarie 1839 maak Pretorius se manne 'n groot klomp vee, wat vroeër van die Trekkers gesteel is, bymekaar en steek die oorblywende krale aan die brand. Hier vind verdere skermutselings plaas waartydens nog ongeveer 100 Zoeloes gedood word. Die kommando keer terug na die hooflaer by die Tugela waar hulle op 7 Januarie 1839 deur 'n opgewonde groep Trekkers verwelkom word.


Andries Pretorius en Karel Landman het albei verslae oor die Slag van Bloedrivier nagelaat terwyl Jan Gerritze Bantjes se joernaal 'n belangrike bron van inligting is.

---

1. Letskraal was Andries Pretorius se plaas naby die Sneeuberg. Pretorius was reeds op 18 April 1838 besig om sy besittings te laat opveil met die oog op sy verhuising na Natal.
2. Die Volksraad bestaan op daardie tydstip uit: Johannes Stephanus Maritz (oorlede Gert Maritz se ouer broer) as voorsitter; Lukas Meyer; veldk. Jan du Plessis; C. Liebenberg; veldk. J.H. Labuschagne; P.J. van Niekerk en C.J. Labuschagne.
   Ook aanwesig tydens die vergadering was kmdt. Karel Landman; kmdt. Piet Jacobs wat Pretorius vergesel het en die kommandante Koos Potgieter, Hans de Lange en Stephanus Erasmus en hulle veldkornette, Van Staden, Gert Viljoen, Jan Scheepers en andere.
3. Die titel word later van tyd na Kommandant-generaal verander.
4. Daar bestaan nie eenstemmigheid oor die presiese getal Trekkers en helpers nie.
5. Kommandant Pretorius gebruik die uitdrukking *Eendragt maakt Magt* wat later die wapenspreuk van die Zuid-Afrikaanse republiek word.
6. Briggar het twee seuns verloor in gevegte met die Zoeloes - een by Blaaukrantz en een by Italeni.
7. Die Gelofte is reeds by die Tugela of Danskraal geopper, maar volgens Jan Gerritze Bantjes se dagjoernaal oor die ekspedisie word dit vir die eerste keer op Sondag, 9 Desember 1838 by Wasbank aan die kommando voorgehou.
8. Die Ncome staan later as "Bloedrivier" bekend.
9. Die Zoeloes gebruik 'n lokvink, Bongoza, om die Trekkers tussen die wagtende krygers in te lei. Die krygers, wat gehurk sit met hulle skilde lyk soos 'n trop beeste en die niksvermoedende kommando word onverwags betrap.

**Deut 23:21** As jy aan die HERE **jou God ‘n gelofte doen**, moet jy nie versuim om **dit te betaal nie**; want die HERE jou God sal **dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word.**
**Deut 23:22** Maar as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.
**Deut 23:23** Wat oor jou lippe gaan, moet jy hou en doen soos jy aan die HERE jou **God vrywillig beloof het**—wat jy met jou mond gespreek het.

# Die Groot Trek



## DIE SLAG VAN BLOEDRIVIER

### Hoofkommandant A.W.J. PRETORIUS se verslag

... toen wy met het aanbreken van den dag eenigzins zien konden, werden wy spoedig gewaar, dat wy, (zoo als wy dachten) door de geheele magt der Zoolas omringd waren, het gevecht begon dadelyk door geweldig schieten van beide zyden, en de vyand poogde herhaaldelyk, om door storm loopen, in onze legerplaats te komen, en terug geslagen wordende, retireerden zy slechts voor korte distanties, om hunne aanvallen te hervatten; toen het gevecht aldus eenigen tyd aan den gang was geweest, kwamen er nog vyf division Zoolas over den rug, en voegden zich by de anderen, Nu kunt gy zelf begrypen, welk gezigt dit opleverde, en dat het er op aan kwam, om een onverschrokken gelaat te toonen. Ik zag klaar, dat wy nu doen moeten wat wy konden. Ik moedigde myne manschappen overluid aan, hun verzekerende, dat hoe groot de magt der Zoolas ook schynen mogt, zy tegen ons niet konden bestaan. Ik liet ook dadelyk eenige poorten des legers openen, en zond mannen te paard uit, om den aanval op de Zoolas te doen. Zy stonden echter vast, en het was niet dan nadat zy zelf, ook door het grof geschut, dat intusschen geweldig op hun gelost word, hun getal merkelyk zagen verminderen, dat zy de vlugt name, nadat de gevecht twee uren lang geduurd had. Nu begonnen zy zich in het vlugten, wyd en zyd te verspreiden, wordende door onze mannen zoo veel als er uit de legerplaats konden gemist worden, vervolgd. De noodige orders in het leger gegeven hebbende, begaf ik my ook tot het najagen, en daar ik hen zeer na op het hielen volgde, kwam ik er een by op omtrent 15 schreden. Ik wenkte hem, en riep, willende hem andermaal met een boodschap naar Dingaan zenden ... *(Pretorius raak nou slaags met die Zoeloe wat sy linkerhand met sy assegaai deurboor. In die hewige handgemeen snel een van Pretorius se manskappe hom te hulp. Sy wond bloei so dat hy na die laer moet terugkeer. Slegs twee ander Trekkers word gewond.)* Na het gevecht, heb ik het getal der gesneuvelden naauwkeurig opgenoomen, en vond het drie duizend en eenige honderden te zyn ...

### Kommandant KAREL LANDMAN se verslag

Een commando, gelegerd den 16de Dec. 1838 aan de Bloedrivier, van vier honderd (400) Emigrante Afrikaanse Boeren. Als hoofden Andries Pretorius, Hoofd Komdt. Karel Landman Sr, Potgieter, Johannes de Lange *(Hans Dons)* en Machiel Jacobsz, Kommandanten, 's Morgens om 4 uur werd het lager omsingeld door een Zulu-commando van circa vyf-en-twintig duizend (25,000) Kaffers, waarvan omtrent de helft met geweren en de andere met assegaaie gewapend waren. Het gevecht duurde hevig tot om nege (9) ure. Na het gevecht lagen op het slagveld drie duizend (3,000) Kaffers. Van de Boeren waren slechts drie licht gewond.

Na het gevecht werd op bevel van de hoofden allen byeen geroepe en 'n godsdienstoefening gehouden, waarin men God dankte dat Hy voor en met hen was, en dat hij hunne vyanden hem onderworpen heeft.

Karel Pieter Landman
Commandant
16 Dec. 1838



# Die kosbare erflating van Andries Pretorius

## Die Voortrekkerleier na wie Pretoria genoem is en sy monumentale rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis



**Die standbeeld van Andries Pretorius by die Voortrekkermonument, Pretoria.**

**DIE** groot, forse leier is ’n skadu van sy ou self waar hy op sy sterfbed in sy plaashuis lê. Sy veel jonger tweede vrou probeer haar bes om dit vir hom so gerieflik as moontlik te maak, maar sy moet magteloos sy agteruitgang en bitter lyding aanskou.
Burgers wat vroeër onder hierdie wyse veldheer geveg het, verneem kort-kort hoe dit nou met hom gaan. Maar, soos ’n profeet wat baiemaal nie deur sy tydgenote erken word nie, sal sekerlik nie almal presies besef watter reus in hul midde gewandel het nie.
Tog kom swart hoofmanne na die sterwende ou kommandant-generaal se bed, kniel by hom en soen sy hande. By hulle is daar ’n diepe eerbied vir die Boereleier wie se insig en versiendheid hulle leer respekteer het.
En toe sterf die eienaar van die plaas Grootplaats, by die samevloeiing van die Magalies- en die Krokodilrivier anderkant die Vaal. Hy word na sy graf op die plaas gedra, rouklaers bid en sing, die kluite klap op die kis en sy geliefdes loop met groot hartseer van die graf af weg.
Maar onder die agtergeblewenes is daar ’n baie skrander seun van die ou man wat die mantel as aanvoerder by hom sal oorneem en sal sorg

dat die Boeremense hom nie sal vergeet nie.
Die seun sal 'n dorp stig en dit Pretoria noem - na sy pa, Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius. En in die Ou Kerkhof van die einste Pretoria - wat dekades later die administratiewe hoofstad van 'n verenigde Suid-Afrika sal word - sal Andries Pretorius se stoflike oorskot in 1891 met groot eerbetoon herbegrawe word…
**WIE** was Andries Pretorius eintlik? Stellig die grootste van al die Voortrekkerleiers, het baie historici al gereken. Trouens, van hom is al gesê dat hy meer as al sy tydgenote die wese van die Groot Trek en die wordende republikeinse ideaal van die Afrikaner deurgrond het.



**Voorstellings van Andries Pretorius verskil.**
**Hier is waarskynlik die bekendste een.**

As die grondlegger van die eerste Boererepubliek wat as gevolg van die Groot Trek ontstaan het, het hy besef dat die krag wat in eensgesindheid lê, noodsaaklik is om die Voortrekkers se onafhanklikheid van Brittanje af te dwing. Hy was ook 'n bekwame onderhandelaar wat geweet het hoe om sy tyd af te wag.
Volgens beskrywings van sy tydgenote moet hy 'n charismatiese man met 'n treffende voorkoms gewees het, groot en sterk gebou. 'n Vroulike bewonderaar het só oor hom geskryf: "Aantreklik, 'n lang figuur van tussen ses en sewe voet (nagenoeg twee meter), regop, vriendelik en innemend."
En niemand kan ontken dat hy 'n gebore leidsman was nie. In die Voortrekkers se donkerste uur het hy die Kaapkolonie verlaat en die destyds leierlose uitgeweke Boere in Natal te hulp gesnel. Daar het hy soveel vertroue ingeboesem dat hy 'n verslae, magtelose klompie mense in 'n kontingent van besielde, dapper en seëvierende pioniers verander het.

**ANDRIES PRETORIUS** is op 27 November 1798 by Graaff-Reinet in die destyds Kaapkolonie gebore, die vyfde geslag van die Suid-Afrikaanse Pretorius stamvader Johannes Pretorius. Johannes het in 1666 in diens van die Kompanjie uit Nederland in die Kaap aangekom, kort daarna na Mauritius vertrek, maar in Desember 1669 permanent in die Kaap kom woon.
Hierdie stamvader was die seun van ds. Wessel Scout van Nederland, wat in sy tyd as teologiese student aan die Universiteit van Leiden sy name na die Latynse vorm verander en dus Wesselius Praetorius (later Pretorius) geword het.
Van sy interessante afstamming was die suigeling Andries natuurlik glad nie bewus toe hy sy eerste skreeutjie in sy ouers se Karoo-opstal gegee het kort voor die eeuwisseling van die 1700's na die 1800's nie. Hy was die oudste seun uit die tweede huwelik van Marthinus Wessel Pretorius, en sy ma was 'n nooi Susanna Viljoen, die weduwee van Johannes Hattingh.
Maar dit is omtrent al wat daar oor Andries Pretorius se jeugjare te vertel is. So goed as niks is daaroor bekend nie. Ons weet wel dat drie broers en 'n suster op sy geboorte sou volg (daar was ook halfbroers en halfsusters uit sy pa se eerste huwelik). Andries het sy eerste lewensjare waarskynlik op sy pa se plaas Driekoppen, sowat 40 km noordoos van Graaff-Reinet, geslyt.
Veel skoolonderrig het hy nie gehad nie - dit is immers in die pionierstyd van destyds nie so belangrik geag nie en as 'n man ten minste jou naam kon skryf en uit die Bybel kon lees, was jou graad van geletterheid stellig heeltemal voldoende. Tog het Andries dit ver genoeg gebring om sy gedagtes vry goed op papier te kon neerskryf.
Die tekortkominge in sy onderwys is ruimskoots vergoed deur 'n gesonde verstand en skerpsinnige oordeel wat heelwat bokant die middelmatige was, is van hom vertel.
Andries was nog nie eens twintig nie toe hy op 8 November 1818 in die gemeente Tulbagh met die agttienjarige Christina Petronella de Wit getrou het nie. Sy sou dertig jaar van vreugdes maar ook ontberings aan die sy van haar ondernemende man deurmaak, totdat sy hom ontval het. Hy het daarna weer getrou.
Sewe dogters en drie seuns is uit sy en Christina se huwelik gebore, en hul oudste seun Marthinus

Wessel Pretorius, het later ook die staatspresident van die Boerestate die Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) sowel as die Oranje-Vrijstaat geword. Dis ook hy wat Pretoria in 1855 gestig en na sy pa genoem het.
In die jare net voor die Groot Trek was Andries Pretorius ’n gesiene persoonlikheid in die Graaff-Reinetse omgewing, hoewel hy nie so ’n leidende rol as die ander latere Voortrekkerleier Piet Retief gespeel het nie. Sy kwaliteite as leier is egter goed erken, soseer dat hy in die Sesde Grensoorlog (1834-’35) ’n kommando van 800 Graaff-Reinetse burgers teen die Xhosa aangevoer het.
Nadat die Groot Trek op dreef gekom en die wawiele van die groot trekgeselskap van Gerrit Maritz in September 1836 uit Graaff-Reinet noordwaarts begin rol het, het baie van die mense wat agtergebly het sterk daaraan begin dink om ook die Kaapkolonie te verlaat en onder die Britse gesag uit te trek.
Ook Pretorius het sulke gedagtes gekoester en gevolglik in Oktober 1837 met ’n klein geselskap op ’n verkenningstog na die binneland vertrek waar hy die Trekkers besoek het.
Die opvatting kan nietemin bestaan dat Pretorius daarna die Kolonie permanent verlaat het uitsluitlik omdat hy na die Trekkers in Natal ontbied is om vir hulle as leier op te tree. Dit sou wees nadat hulle leierloos gelaat was. Die Trekkerleiers Piet Retief en Piet Uys is naamlik deur die Zoeloes onder leiding van hul koning Dingane gedood, Gerrit Maritz het aan siekte beswyk en Andries Potgieter het uit Natal weer die binneland ingetrek.
Pretorius het egter vantevore al sy begeerte laat blyk om te trek en inderdaad reeds vir hom ’n plaas in Natal van ene Thomas Garden gekoop.
Wat meer sê, nog voor die aankoms van boodskappers wat uit Natal gestuur is om sy hulp in te roep, het hy reeds voorbereidings getref om sy besittings in die Kolonie te verkoop en na Natal te verhuis.
Hoe ook al, Pretorius het die Kolonie aan die einde van Oktober 1838 met sy trekgeselskap verlaat, maar hy het sy trek aan die Modderrivier agtergelaat en hom na die Trekkers se hooflaer aan die Klein-Tugela in Natal gehaas.



**’n Voorstelling van die aankoms van Pretorius by die Trekkers.**
Uit: Afrikaanse Kinderensiklopedie

Hy het op 22 November daar aangekom toe die nood op sy hoogste was. En dit is merkwaardig, sê historiese waarnemers, hoe dikwels hy daarna in oomblikke van krisis beskikbaar was om leiding te gee.
"Al ons opperhoofde was omgebring en ons was soos skape sonder ’n herder," sou ’n Voortrekkervrou later oor dié dae vertel.
Pretorius het dinge soos handomkeer verander. Sy deeglikheid en deurtastende optrede het dadelik vertroue ingeboesem en hy is aangewys as hoofkommandant van die strafkommando wat teen Dingane moes optree. Twee dae later het hy met sy kommando noordoos in die rigting van Zoeloeland getrek. Doelgerig sou hy sorg dat die Suid-Afrikaanse toneel daarna nooit weer dieselfde sou wees nie...

**DIE** Gelofte, die slag by Bloedrivier... hierdie geskiedenis is baie bekend. Pretorius sou uiteindelik die bevel voer oor ’n mag van 470 man, wat met 64 waens Dingane (of Dingaan) se gebied binnegedring en op 16 Desember 1838 wesenlik die Zoeloekoning se mag gebreek het.
16 Desember is daarna elke jaar gedenk as Dingaansdag of Geloftedag, maar dit staan vandag bekend as Versoeningsdag. Van die sowat 10 000 Zoeloes (party bronne sê daar was duisende meer) wat aan die slag deelgeneem het, het 3 000 gesneuwel. Met hul assegaaie was hulle duidelik nie opgewasse teen die Boere se gewere nie, maar dit bly wonderbaarlik dat geen Boer daardie dag gesneuwel het nie. Net drie is gewond, onder wie Pretorius self, wat deur ’n assegaai aan sy hand beseer is.
Pretorius het hierna ’n verbond gesluit met Dingane se broer Mpande, waardeur Dingane gedwing is om te vlug. "Andries Pretorius het ’n nuwe Suid-Afrikaanse orde geskep," sou later oor hom geskryf word.

# Die Slag by Bloedrivier




In 1840 het Pretorius gehelp om die Boererepubliek van Natalia te stig, wat slegs tot 1843 bestaan het toe die Britte Natal geannekseer het. ’n Tyd lank het hy met die Britte probeer saamwerk, hoewel ander Boere eerder die binneland ingetrek het as om dit te doen. Tog het hy al hoe meer ontnugter geraak oor die Britse bedoelinge met Suidelike Afrika.
Vir hom het die Britte nie die probleem in Natal raakgesien nie deurdat hulle nie gebiedskeiding wou afdwing tussen twee kulture wat in daardie stadium nie naastenby assimileerbaar sou wees nie. Sekere ontleders sou in sy optrede die wortels van die latere apartheid in Suid-Afrika wou lees, maar dit sou heeltemal verkeerd wees om hom alleen en in sy eie bepaalde tydsgewrig daarvoor te blameer.
Pretorius het swaar van Natal afskeid geneem en hom oorkant die Vaal op ’n plaas aan die Magaliesberg gaan vestig. "Ik nam mij … volstrek voor om mij nooit onder Britsch gezag te onderwerpen," het hy op ’n keer geskryf.
Maar die wrywing tussen hom en die Britte is op die spits gedryf toe sir Harry Smith die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier (die latere Vrystaat), waar baie Boere hulle reeds gevestig het, vir Brittanje geannekseer het.
Pretorius is as kommandant-generaal gekies van die burgers wat hulle daar teen die Britte verset het. Die Britte het hierop geantwoord deur Pretorius voëlvry te verklaar, met ’n prys van 2000 pond op sy kop.
Die Boere se versetoptrede sou uiteindelik uitloop op die botsing by Boomplaats op 29 Augustus 1848 tussen Pretorius se sowat 300 man en Smith se 1 200. Hoewel Pretorius se mag die voordeel van ’n gunstiger gevegsterrein geniet het, het die Britse oormag dit reggekry om hulle op die vlug te jaag. Pretorius self moes noordwaarts uitwyk, terug na sy Transvaalse plaas aan die Magaliesberg.
Hier moes hy tot sy leedwese hoor dat sy vrou tydens sy afwesigheid oorlede en begrawe is. Pretorius het die volgende jaar weer getrou en wel met ’n nooi Petronella Aletta de Lange, wat net negentien jaar oud en dus meer as ’n kwarteeu jonger as hy was. Hulle sou saam drie dogters hê, van wie die oudste twee vroeg oorlede is en die jongste nog ’n suigeling was toe haar pa gesterf het.
In Transvaal moes Pretorius met die Voortrekkerleier Andries Potgieter wedywer om die leierskap van die Boere. Ondanks sy ondervinding met sir Harry Smith het hy steeds onderhandeling met die Britte verkies en hy het ook die Boere verteenwoordig op die vergadering vir die ondertekening van die Sandrivier konvensie van 1852. Feitlik uitsluitlik op sy inisiatief en optrede is die soewereine onafhanklikheid van Transvaal met hierdie konvensie erken en een van die eind doelstellings van die Groot Trek verwesenlik.
Dit was hom egter nie beskore om ook die erkenning van die onafhanklikheid van die Oranje-Vrystaat in 1854 te beleef nie, hoewel hy onteenseglik die weg voorberei het vir die ondertekening van die Bloemfontein konvensie waardeur ook hierdie gebied aan die Boere teruggegee is.
Pretorius is op 23 Julie 1853 oorlede ná ’n smartlike lyding aan die sogenaamde "borswater", slegs enige maande ná Potgieter, wat aan dieselfde kwaal beswyk het.



**Die Andries Pretorius monument buite Graaff-Reinet.**

Soos reeds gesê, word Andries Pretorius deur baie beskou as die grootste van die groot geeste wat die Groot Trek opgelewer het. Party van sy tydgenote het hom "vader Pretorius" genoem en vir ander was hy die "koning der emigranten". Sy godvresendheid is nooit betwyfel nie. En die respek wat hy van sekere swart hoof-manne geniet het, spreek boekdele.

Hy het die gawes van ’n knap veldheer, ’n gebore diplomaat en ’n versiende staatsman in sy persoon verenig, en toe sy afskeidsbrief aan die Krygsraad voorgelees is, het sterk manne onbeskaamd gehuil.

Laat sy naam dus voortleef, is die gevoel van talle Afrikaners. Dit is mense wat - selfs hier in die begin van die 21ste eeu, wat so ingrypend anders is as die 19de - nog lank nie vergeet het waar hulle vandaan kom nie...




**Die Uniegebou in Suid-Afrika se administratiewe hoofstad.**
**Wanneer die jakarandas blom, is Pretoria sekerlik die mooiste stad wat danksy die Groot Trek verrys het...**

Foto: Kopiereg © SOUTH AFRICAN TOURISM / SUID-AFRIKAANSE TOERISME

Die informasie is geneem van ‘n laser skyf wat deur [www.mieliestronk.com/pretorius.html](http://www.mieliestronk.com/pretorius.html) vrygestel is geneem. Alle regte behoort aan hulle of soos aan hulle toegestaan.

# ANDRIES PRETORIUS EN BLOEDRIVIER




Met Potgieter weg, Retief en Uys dood, en Maritz ernstig siek, was die Trekkers op hierdie laagtepunt in hulle lewe ook nog sonder 'n leier. Karel Landman het voorlopig die leierskap oorgeneem en hy het dadelik voorbereidings begin tref vir enige moontlike verdere Zoeloe aanvalle, sowel as om Dingaan op sy plek te sit.

'n Dringende beroep is op die boere in die Kaap gedoen om hulp en versterkings te stuur.

Landman het intussen na Port Natal gery om die toestand met die Britse jagters en handelaars daar te bespreek. Hulle het besluit om hul lot onvoorwaardelik by die Trekkers in te werp. Daarna was Port Natal deel van wat van toe af bekend was as die *Verenigde Laer,* met Alexander Biggar, een van die handelaars, aangestel as landdros.

Aan die voet van die Drakensberge is twee versterkte Trekkerskampe gestig, die een bekend as Maritz laer aan die bo- Tugela ; die ander as Gatslaer aan die bo- Boesmanrivier. Al die Natal Trekkers was in hierdie twee kampe saamgetrek, altesaam omtrent 640 man, 3200 vroue en kinders, 1260 bediendes en die vee, omtrent 300000 skape, 40000 beeste en 3000 perde.

Die Trekkers was gedurig op hul hoede want hulle het weer 'n Zoeloe aanval verwag. Dingaan het egter blykbaar sy tyd afgewag en gehoop dat die rampe die Trekkers so sou ontmoedig dat hulle' Natal sou verlaat.

Gedurende Augustus 1838 het Dingaan 'n paar regimente gestuur om uit te vind wat die Trekkers doen. Hulle het die Gatslaer in helder daglig bereik en omsingel, die gewere wat in vorige gevegte gebuit is, op die Trekkers afgevuur, maar self onder die Trekkers se vuur uitgebly.

Een Trekker, Hans Froneman, is 'n entjie van die kamp af deur die Zoeloes verras. Hy het in 'n waterpoel geduik en onder die drywende grasse probeer skuil maar die krygsmanne het hom gekry en met assegaaie deurboor. Die res van die dag het die Zoeloes net Trekkervee bymekaar gemaak, omdat hulle beveel is om nie die waens aan te val nie. Teen sonsondergang het hulle teruggetrek, groot kampvure aangesteek en 'n feesmaal van die gebuite vee gemaak terwyl hulle dwarsdeur die nag gesing, geskree en gedans het.



Die volgende more het die Zoeloes weer die laer bestorm. Hulle het assegaaie, waarom brandende gras gedraai was, in die laer gegooi en die veld rondom die laer aan die brand gesteek. Die Trekkers moes die hele dag spook om die vure geblus te kry. Teen die aand het die Zoeloes teruggetrek met groot troppe vee en die Trekkers hulpeloos agtergelaat.
Hierdie nuwe terugslag het die moraal van die Trekkers 'n geweldige knou gegee. Die waens van die Gatslaer is na die sterker Maritz laer en nader aan die bergpasse verskuif, ingeval hulle finaal sou moes terugval.
Dit was asof alles vir die Trekkers verkeerd geloop het, en toe Gerrit Maritz, die laaste van hul oorspronklike leiers, op 23 September na 'n lang siekbed sterf, was hulle in moedeloosheid gedompel.
Sommige persone het reeds begin terugtrek na die groot vlaktes maar die vasberade vroue het geweier om die beloofde land te verlaat sonder dat die dood van hul geliefdes gewreek is.
Versterkings het Natal bereik met sulke manne soos Jacobus Boshoff, die klerk van die Burgerlike Kommissaris van Graaff-Reinet. Hy het 'n deeglike konstitusie opgetrek vir die toekomstige republiek. Ander ewe vasberade manne het terreine uitgesoek vir toekomstige stede insluitende 'n hoofstad wat Pietermaritzburg sou heet ter nagedagtenis aan hul twee leiers, Pieter Retief en Gerrit Maritz.
Op 28 November het 'n groot, opgewekte man vol selfvertroue die kamp binnegery. Hy was Andries Pretorius wat met sestig volgelinge en 'n brons kanon, uit die distrik van Graaff-Reinet aangekom het waar hy 'n voorspoedige boer was. Hy het die nuwe Kommandant-generaal van die Trekkers geword en onder sy bekwame leierskap is reëlings getref vir die finale afrekening met Dingaan.
Vroeg in Desember 1838 het Pretorius gevoel dat die tyd ryp is vir oorlog. Met 464 volgelinge het hy die veiligheid van die kamp verlaat en het hy koers gekies na Umgungundlovu. Hierdie keer was die kommando vergesel van genoeg waens om 'n laer te kan vorm. Met teenstrydige gedagtes het die manne aangery, op pad om die magtigste en beste aangevoerde swart mag in die hele Afrika aan te val.
Pretorius en Sarel Celliers, die vernaamste geestelike leier van die Trekkers, het die saak tussen hulle bespreek. Dit wou vir hulle voorkom asof die manne die versekering nodig gehad het dat God met hulle was en hulle sou bystaan, al was die oormag hoe oorweldigend. Om hierdie rede en vanweë sy eie diep Godsdienstige oortuigings, het Sarel Celliers op die aand van 7 Desember die manne ontbied om rondom die brons kanon te vergader. Gedurende sy besielende preek het hy die volgende heilige gelofte aan die Allerhoogste afgelê:




"My broers en mede landgenote, hier staan ons voor 'n Heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Horn te beloof, as Hy met Sy beskerming met ons sal wees en ons vyand in ons hand sal gee, dat ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deur bring en dat ons 'n tempel tot Sy eer sal oprig waar dit Horn sal behaag en dat ons dit ook aan ons kinders sal se dat hulle met ons daarin moet deel tot gedagtenis ook vir ons opkomende geslagte want die eer van Sy naam sal daardeur verheerlik word dat die roem en die eer van die oorwinning aan Horn gegee sal word."

Die volgende dag is hulle verder, soms in druk gesprek met mekaar, soms met die sing van gesange, maar altyd deur met 'n gebed in hulle harte.
Slegs 'n paar klein voorvalletjies het hulle aandag van die stryd wat voorlê, afgetrek. In 'n bergpas het die kar van Alexander Biggar, een van die handelaars uit Port Natal, in 'n moeras beland en omgeslaan. Daardie deel van die berg is van toe af Biggarsberg genoem.



Pretorius het sy manne met groot versigtigheid gelei, bewus van die feit dat hulle deur die Zoeloe spioene dopgehou word vandat hulle die kamp verlaat het, en dat Dingaan se leër aan die opmars was.

Op 15 Desember het die kommando 'n klein riviertjie bereik wat onder die Zoeloes as *Ncome* (die lofwaardige een) bekend was vanweë die standhoudende water en groen oewers. Pretorius se verkenners het 'n groot Zoeloe leër gesien en hy het dadelik na 'n geskikte oorlogsveld gesoek. Die Voorsienigheid kon hom nie na 'n geskikter plek as juis hierdie een gelei het nie.
Die rivier het hier oor 'n gras begroeide maar oop vlakte gevloei met slegs 'n paar koppies daar naby. Op die oog af het die terrein plat en onskuldig gelyk, maar in werklikheid was daar diep slote en watergate wat die Zoeloemagte in hulle stormloop sou kortwiek.
Die plek wat Pretorius vir sy kamp uitgesoek het, was geleë op 'n V- vormige stuk grond met die diep rivier aan die een kant en 'n donga met regaf walle wat in die rivier uitmond, aan die ander kant. Op hierdie stuk grond het die Trekkers hul waens in 'n halfmaanvorm tussen die rivier en die donga opgestel. Hulle het die laer vir die nag beveilig deur lang lere, waaroor velle gespan was, van wawiel tot wawiel aan te bring en hope kruit en patrone in gereedheid te bring.





Teen dagbreek op 16 Desember 1838 het die Zoeloe leër die Trekkerkamp bestorm. Tienduisend krygsmanne, getooi in hul velle en vere, en gewapen met skilde en assegaaie, het met hulle offisiere vooraan op die laer afgestorm, terwyl Ndela, hulle bevelvoerder, bevele skree van af 'n strategiese plek. Drie keer het hulle probeer om die hardnekkige klein laer te oorrompel, maar elke keer is hulle teruggedryf deur die kanonvuur van ou Grietjie en die koeëls van die Trekkers.




Dit was 'n woeste more met, soos Sarel Celliers dit later beskryf het, " 'n Geweldige geskree en lawaai en geweeklaag en 'n see van swart gesigte en digte rookwolke wat loodreg van die grond af opgestyg het."
Drieduisend Zoeloes het in hierdie aanvalle gesterf. Die Trekkers kon sien en hoor hoe die bevelvoerder sy manne probeer aanmoedig, maar hulle was nie meer lus vir veg nie. Die donga, die rivier en die grond rondom die waens was met Zoeloelyke en gewondes besaai.



Toe die Zoeloes die aftog blaas, het die Trekkers hulle te perd agternagesit en verder op die vlug gejaag. So baie Zoeloes het gesterf dat die water rooi was van hulle bloed, vandaar die naam Bloedrivier .

Daardie aand het die Trekkers hul oorwinning gevier. Slegs vier Trekkers, insluitende Pretorius self, is gewond. Hulle het die Here gedank, lofliedere gesing, en tot laat in die nag persoonlike ervarings aan mekaar vertel.

Die volgende dag het hulle die laer afgebreek en nadat hulle 'n stapel klippe gepak het om die plek van die geveg aan te dui, is hulle verder na Umgungundlovu. Hulle het dit op die 20ste Desember bereik, maar die stat met sy 2000 hutte was verlate en Dingaan se persoonlike verblyfplek het in ligte laaie gestaan.



Die Trekkers het daar naby kamp opgeslaan en die gebied gefynkam. Op die heuwel van teregstelling het hulle die lyke van Retief en sy mense gekry. Die liggame was nog gekleed en in Retief se skouersak was die verdrag wat deur Dingaan onderteken was en waarin Natal aan die Trekkers afgestaan is. Om 'n gemeenskaplike graf vir die stoflike oorskot van hul mense te grawe, was vir hierdie manne 'n baie pynlike taak. Oorstelp van smart het die Trekkers hul soektog na Dingaan en die Zoeloes voortgesit.

Dit het gelyk asof die land totaal verlate was. Niemand het geweet waar die Zoeloekoning heen is nie. Die verkenners wat uitgestuur is, het egter 'n Zoeloe met die naam van Bongoza gevang. Hy het

vertel dat Dingaan ver noord van die Wit Mfolozirivier gevlug het en dat die leër ontbind is. Al die vee wat van die Trekkers gebuit is, is versteek in die vallei van die Wit Mfolozi, het hy hulle meegedeel. Hy het ook aangebied om die Trekkers na die vee te neem.
Pretorius was egter onrustig. Hy en sy manne wou die gesteelde vee baie graag terugkry, maar die Zoeloemag was nog net half pad gebreek. Indien hulle in die nabyheid geskuil het, kon Bongoza hulle in 'n lokvallei. Pretorius het 'n paar dae lank geweifel terwyl sy verkenners gesoek het na die Zoeloes.
Op 26 Desember het die Trekkers hul kamp verskuif na die kruin van 'n rantjie bekend as Mthonjaneni (plek van klein fonteintjies) vanwaar die Zoeloekonings altyd hul vars drinkwater gekry het. Hiervandaan kon hulle groot troppe vee in die vallei van die Wit Mfolozi sien. Nog steeds was daar egter geen teken van die Zoeloes nie.
Die begeerte om hul vee terug te kry was te sterk. Vroeg die more van die 27ste het 300 man, bygestaan deur 75 inboorlinge uit Natal wat aangevoer is deur Alexander Biggar, afgesit om die vee te gaan haal. Karel Landman was in bevel terwyl Pretorius en 160 man in die kamp agtergebly het.



Bongoza het hulle van die hoogtes af gelei na die wilde vallei van die oPathe- stroom. Die pad was byna onbegaanbaar vir die perde. Skielik het 'n horde Zoeloekrygsmanne, wat al die tyd tussen 'n groot trop beeste geskuil het, voor hulle opgedoem. Bongoza het stilletjies weggesluip, sy taak om die Trekkers in 'n lokval te lei so suksesvol afgehandel dat die Zoeloes van toe af gesê het: "Dink jy ek is Bongoza ?" as hulle van verraad beskuldig is.



Al hoe meer Zoeloes het agter die Trekkers te voorskyn gekom en hulle pad terug kamp toe, afgesny. Landman en Hans de Lange, die beroemde jagter, wat tweede in bevel was, moes haastig kajuitraad hou. Die Zoeloes het oënskynlik verwag dat hulle hul pad terug na die kamp toe sou probeer oopveg. In so 'n geval sou 'n neerlaag vir die Trekkers onvermydelik gewees het, en hulle het daarom besluit om aan te hou, vallei af.
Die Zoeloes was verplig om die Trekkers te agtervolg en sommer so in die hardloop het 'n geveg ontstaan. Eindelik het die Trekkers die Wit Mfolozi bereik - met perde en al deurgeswem. Klompies Zoeloes het gedurig van agter opgeduik en probeer om hulle voor te keer. Al vegtende is hulle teen die linkerwal van die rivier uit, tussen groot troppe vee deur wat die reuk van hul eienaars herken het en agter

die vlugtende Trekkers aangestorm het.
Verder die rivier op het die Trekkers 'n oorgang gevind waar hulle met moeite deur die rivier kon kom. Ses blankes, insluitende Alexander Biggar en van sy inboorling volgelinge, het hier gesterf. Na 'n nagmerrie rit het die oorlewendes by Pretorius se kamp aangekom. Daar het hulle drie dae gerus sonder om weer kontak met die Zoeloes te maak. Omtrent 5,000 stuks vee het agter hulle aangekom en hulle het besluit om met hierdie vee terug te keer. Omdat Dingaan se stat reeds verwoes was, het die Trekkers hulle weer vroeg in die nuwejaar by die hoofkamp onder die Drakensberge gaan aansluit.



**SLOT**



Pretorius se kommando, hierna bekend as die ***Wenkommando***, het Dingaan se mag gebreek sonder om hom finaal te verslaan.

Omdat daar geen verdere gevaar was van 'n Zoeloeaanval nie, het die Trekkers die kamp verlaat en vir hulle plase in Natal uitgesoek, vir hulle huise gebou en dorpe aangelê soos Pietermaritzburg en Weenen - so genoem om die massamoord wat gevolg het op die dood van Pieter Retief, te herdenk.




Dingaan het na noord Zoeloeland getrek en daar probeer om 'n nuwe Umgungundlovo op die walle van die Vuna rivier aan te lê. Daarvandaan het hy met die Trekkers onderhandel deur bemiddeling

van Kaptein Henry Jervis, bevelvoerder van 'n klein Britse leër wat uit die Kaap na Port Natal gestuur is om vrede te handhaaf. As 'n direkte gevolg van hierdie onderhandelings het Dingaan ingestem om 19000 stuks grootvee sowel as perde, gewere, skape en gesteelde goedere aan die Trekkers terug te gee. Hy het ook ingestem om die Tugela rivier as die grens tussen Natal en Zoeloeland te erken.
'n Eerste paaiement van 1300 stuks grootvee, 400 skape, 52 gewere en 43 saals, is afgelewer maar toe het daar weer moeilikheid ontstaan. 'n Jonger halfbroer van Dingaan, Mapnde, het uit Zoeloeland gevlug vir sy lewe. Hy het by die Trekkers gaan skuil en is deur hulle aangeneem as bondgenoot en leier van die Zoeloes wat van Dingaan weggevlug het.



Dingaan het nie weer 'n poging aangewend om die res van die gesteelde vee terug te stuur nie en die Trekkers het geweet dat daar nooit veiligheid in Natal sou wees solank as die moordenaar van Retief en die ander Voortrekkers op vrye voet was nie.
Mpande het die Trekkers beïndruk as 'n intelligente en goedgeaarde individu. Hy het duisende volgelinge in Zoeloeland gehad en wou daarheen opruk om kragte met Dingaan te meet. Die Trekkers het besluit om hom te ondersteun.
Op 21 Januarie 1840 het 'n kommando van 350 man, onder Andries Pretorius, hom vergesel na Zoeloeland. 'n Leër van Mpande se volgelinge het terselfdertyd Zoeloeland van die kus af ingeval. Dit was hierdie leër wat op die 30ste Januarie teen Dingaan se volgelinge te staan gekom het. 'n Bloedige geveg het op 'n hoë bergrug bokant die Mkhuze rivier plaasgevind. Dingaan se manne was aan die wenkant toe 'n gerug versprei het dat die Trekkers aan die opruk was. Dit was een te veel vir Dingaan se soldate en hulle het op die vlug geslaan.



Mpande het die nuwe koning van die Zoeloes geword en hy het 'n goeie vriend en bondgenoot van die Voortrekkers gebly. Dingaan het na die kruin van die Lubombo gebergte gevlug waar hy gehoop het om by die Nyawo stam veiligheid te vind. Hy is egter doodgesteek deur mense wat sy reputasie gevrees het. Die stapel klippe wat sy graf aandui kan vandag nog daar gesien word.



In Natal het die Trekkers begin bou aan die republiek waarvan hulle so lank gedroom het. Vir 'n rukkie het hulle volkome tevredenheid en gemoedsrus geken. Almal was besig om 'n tuiste te skep, plase aan te le en besighede tot stand te bring in die lieflike land Natal.

Groot moeilikhede het nog vir die jong republiek gewag, maar die Groot Trek van die Voortrekkers was vir eers agter die rug.



Die dramatiese gebeure van die trek sal egter nooit vergeet word nie en elke jaar op 16 Desember word Sarel Celliers se gelofte plegtig en getrou herdenk. Groot saamtrekke word gehou by plekke soos Vegkop, Bloedrivier, Dingaanstat, die voet van die Kerkenberg en die Voortrekkermonument naby Pretoria waar daar presies om twaalfuur op daardie gedenkwaardige dag 'n sonstraal deur die duister in die groot saal breek oor die gegrafeerde woorde: "Ons vir jou, Suid-Afrika".



Die Voortrekker Monument.

Die informasie kom van die web-werf [www.debruinfamily.com/](http://www.debruinfamily.com/) en alle regte behoort aan hulle of soos aan hulle toegestaan.

# Offisiere En Manskappe Gedurende Die Slag Van Bloedrivier.

Hier volg 'n lys van 351 persone van die totale getal van 464 (verwys #) blanke krygers en die 59 kleurlinge wat aan die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 deelgeneem het.

Waar moontlik word die persoon se genealogiese nommer ook verskaf. (BRON (verwys ##): Die Bloedrivierse Eeufeesgedenkboek opgestel deur A.C. du Toit en Dr. Louis Steenkamp, die lys is verder bygewerk deur die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika - N-Tvl Tak.)

<u>Hoofkommandant:</u>
Pretorius Andries Wilhelmus Jacobus (verwys nota 1) (b3c1d5e11)
<u>Assistent-HoofKmdt:</u>
Landman Karel Pieter (b2c10)
<u>Kommandante:</u>
Jacobs Pieter Daniël (a15b5c3d8e1)
de Lange Johan Hendrik (Hans Dons)(b10c2)
Potgieter Jacobus (Koos)
Erasmus Stephanus
Uys Jacobus Johannes (b1c5d2e4)
Meyer Lucas Johannes
<u>Laerkommandante:</u>
Pretorius Albertus (ook kanonnier)
Erasmus Lourens
Moolman Piet (Rooi Piet)
Fronemann Christoffel Cornelis (b7)
<u>Veldkornette:</u>
Steyn Johannes C
Viljoen Gert
Pretorius Hercules Albertus (Bart)(b3c1d5e14)
van Staden Gert (verwys nota 2)
Lombard Stephanus
Scheepers Jan
Fourie Hermanus
Cowie William (a1)
Labuschagne Casper
Joubert Jan (ook kanonnier)
<u>Godsdiensleiers:</u>
Cilliers Sarel Arnoldus (b2c1d7e4)
du Plessis Jan (ook ‘n Veldkornet)
Joubert Pieter J (b10c6d9 moontlik)
Kanonniers: Rudolph Petrus Johannes (b1c1d2)
Pretorius Gerhardus
<u>Manskappe:</u>
Aucamp Piet
Badenhorst H
Badenhorst P
Bantjes Jan Gerritze (b1c3d3)
Beneke Johannes
Bester Barend Jacobus2 (b4c3d4e3)
Bester Lourens Rasmus (b4c3d4e2)
Bester Paul Michiel (b4c3d4e1)
Bezuidenhout Daniël P
Biddulph Thomas Jervis (a1)
Bierman Isak
Biggar Alexander Harvey2 (a1)
Bodes Barend
Bornman Johannes Jurgens (b1c3)
Boshoff Jakobus (Jan)

Botha Ernst Adriaan Lodewyk (b1c7d1e15)
Botha Hendrik
Botha J C
Botha Jan
Botha L
Botha P J
Botha P R
Botha T F
Botha Theunis
Bothma Carel A
Bothma Daniël
Breytenbach Chris
Breytenbach Izaak Johannes (b4c1d4)
Breytenbach Jacob Coenraad
Breytenbach Johan Hendrik
Breytenbach Johannes Jacobus
Bronkhorst Johannes Jacob (b6c6)
Bronkhorst Johannes Jacobus (b6c6d4)
Bronkhorst Samuel Johannes (b6c6d9)
Bruwer Eduard Christiaan Daniël (b7c4d12)
Bruwer Hans
Bruyn Piet
Buitendagh Carel Hendrik
Burger Jacobus Johannes
Burger S W
Buys Piet
Claassens Christiaan
Coetzee Cornelis (P-zn)
Coetzer J J
Coetzer Philippus Jeremias
Coetzer Thys
Combrinck G
Cronjé Abraham
Cronjé Piet
Davel Henning
Davel Jan
Dannhauser Thomas Richard (b6)
de Beer C (Snr)
de Beer Abraham
de Beer Christiaan M
de Beer Jan Christiaan
de Beer Johannes A
de Beer Stephanus A (Snr)
de Beer Zacharias Jacobus
de Clercq Abraham
de Clercq Barend
de Clercq C
de Clercq Jacob (b6c3d5)
de Jager Frederick Johannes
de Jager Izak J
de Jager Johannes Wilhelmus (b1c11d5e5)
de Jager Lodewyk
de Lange Adriaan (Jnr)
de Lange Robert
de Wet Kootjie
de Wet P

de Winnaar S
Dreyer C Sr.
Dreyer F
Dreyer I
du Plessis Francois
du Plessis Jan
du Plessis P
du Plooy Hendrik
du Plooy Willem
du Plooy Wouter
du Preez P D
Deysel F
Engelbregt Adriaan
Engelbregt E
Engelbregt Gerhardus
Engelbregt H (jong)
Engelbregt H H (Snr)
Engelbregt Johannes Hendrik
Enslin Johannes Jacobus
Erasmus Antonie
Erasmus Barend
Erasmus Cornelis
Erasmus Daniël Elardus
Erasmus Hans
Erasmus Jacobus
Erasmus Pieter Erasmus
Erasmus Stephanus E
Esterhuizen Jan
Ferreira Marthinus Stephanus
Fick Hendrik
Fisher Jan
Fourie Christiaan Erns
Fourie Dirk S
Fourie Hermanus
Fourie Philip1
Garden Kapt. (Engels)
Geers Carel
Giezing Fredrich (a1)
Goosen Marthinus2
Gouws Daniël
Gouws Jacob I
Gouws J Marthinus
Gouws P
Greyling Jan Cristoffel (b11c2d3)
Greyling Pieter Jacobus (b11c2d2)
Grobbelaar Nicolaas (b9c11)
Grobbelaar Pieter Schalk (b9c11d2)
Grove Hermanus Gerhardus (b3c9d5)
Hammes Pieter Johannes (b1c2)
Hattingh C
Hattingh Francois (b8c7d4e1)
Hattingh Johannes Dewald
Hattingh Johannes Hendrik (b11c1d2e1)
Herbst M
Heydenreich Cornelis Frederik (b6c2d2)
Human P G

Jacobs Gabriël Gerhardus Nic. (a15b5c3d8e1f7)
Jacobs Pieter Daniël (a15b5c3d8e1f2)
Jacobsz Jan
Janse van Rensburg Lukas
Janse van Rensburg Nicolaas M (C-zn)
Janse van Vuren Luckas Gerhardus
Janszen Willem
Jordaan Willem
Joubert Abraham Benjamin
Joubert Gideon
Joubert Jan (Jacs-zn)
Joubert Jan (jnr.)
Joyce Robert (a3)
Kemp G
Kemp Jacobus
Kemp Petrus J
Klaassen P
Klopper H
Klopper Jacobus
Koekemoer C
Koekemoer Marthinus
Kritzinger Lewis
Kruger Jan
Kruger P E
Kruger T J
Laas Cornelius
Laas Mathys
Labuschagne J P
Labuschagne J H (Jan Groen)
Labuschagne Willem Adriaan
Landman A K P (Snr)
Landman Jan (Doringberg)
le Roux D
le Roux Nicolaas (verwys nota 2)
Leech
Liebenberg Christiaan Jacobus (b2bc2d2e2)
Liebenberg Christiaan Jacobus (b2c2d6)
Lindeque G (Snr)
Lindeque Petrus
Lombard Hans
Lombard Hermanus Antonie
Lombard S
Lotter Johannes
Ludick M J
Malan D J J
Malan David D
Malan Jacob Jacobus
Malan Stephanus
Marais Coenraad
Marais Johannes L
Marais Stephanus Abraham
Marcus F
Maré Wynand Wilhelmus (b9c7d7)
Maritz Pieter
Maritz Salomon Gerhardus (b1c8d1e2)
Maritz Salomon Stephanus (b1c8d2e1)

Martens Hendrik Jacobus (a5b1c7)
Martens Jan Thomas (a5b1c6)
Marx Frans (b3c6d4)
Meintjes Albertus Jacobus
Meintjes Jacobus William
Meintjes Schalk
Mey Christiaan Lodewyk
Meyer Jacob
Meyer Jan
Meyer Lukas (L-zn)
Meyer Theodorus
Mienie Frederik Christiaan
Mienie J
Moolman I
Muller Christiaan (moontlik a1b5c7d4)
Muller Jan (moontlik a11b2)
Naude Jacob
Naude Philip Jacobus
Naude Francois Paulus
Neethling Hendrik Ludolf
Neethling Schalk Willie
Neethling Willem
Nel Louis J
Nell Theunis Jacobus
Nell Willem Gabriël
Nortjé Joachim
Oberholzer Jan Albert
Olivier (Lang) Gert
Olivier Ockert
Oosthuizen A
Oosthuizen Jan (J-zn) (verwys nota 2)
Oosthuizen J J (Snr)
Oosthuizen Marthinus Jacobus (b1c4d7e2)
Opperman C
Opperman D
Parker Edward
Pieters Coenraad
Pieterse Frederik
Pieterse H J
Pieterse Nicolaas
Potgieter Cornelis
Potgieter Evert F
Potgieter Hendrik
Potgieter Jurgen
Potgieter Matthys
Potgieter Petrus Hendrik Theunis
Potgieter Theodorus
Pretorius A P
Pretorius Barend
Pretorius Dewald Johannes (b3c1d2e4f4)
Pretorius Gideon
Pretorius Henning Petrus Nicolaas (b3c1d5e12)
Pretorius Marthinus Wessel (b3c1d5e11f1)
Pretorius Nicolaas
Pretorius Petrus Gerhardus (b3c9d7)
Pretorius Petrus Gerhardus (b3c9d7e2)

Pretorius Samuel
Pretorius Willem H
Pretorius Willem Jacobus
Prinsloo Jochemus Johannes Petr. (b2c3d6e1f3)
Prinsloo N J
Prinsloo Willem P
Raads D
Raath Philip
Raath Pieter
Raath Roelof
Raatz Gerrit1
Ranger Simon
Reineke Adam
Retief Jacobus
Robbertse I
Robbertse Jan
Robbertse Matthys
Roets Hendrik
Rood
Roos Cornelis J
Roos Gysbert
Roscher P
Roux Dirk
Rudolph Jacobus Andreas (b1c3)
Rudolph Johann(es)Bernard (b1c1)
Rudolph Gerhardus Jacobus (b1c2)
Scheepers Coenraad F (swaer v. Erasmus Smit)
Scheepers Gert
Scheepers H
Scheepers J A
Scheepers Jacobus Johannes
Scheepers Stephanus Johannes
Scheepers M (G-zn)
Scheepers Marthinus
Schoeman Gert
Schoeman Johannes
Schutte Jan Harm Thomas
Slabbert G
Smit Andries Adriaan
Smit Chr. (C-zn)
Smith F
Snyman Coenraad F W (b7c4d9e7)
Snyman J H
Steenkamp Hermanus
Steenkamp Jan Harm (b7c2d3e2)
Steenkamp Piet L
Steenkamp Thomas Ignatius
Steyn Hermanus
Steyn Johannes Christoffel
Steyn Pieter
Strydom D J
Strydom Hendrik
Strydom J
Strydom Pieter Gerhardus
Swanepoel Willem
Swart Marius

Swart Pieter Johannes
Uys Dirk Cornelis (b1c5d2e12)
Uys Jacobus Johannes (b1c5d2e4f3)
Uys Jan C
Uys Petrus Lafras (Piet Hlobane)(b1c5d2e3f4)
van den Berg Hendrik (b1c10d6)
van den Berg Hendrik Stephanus (b1c10d6e3)
van der Berg Isak
van der Merwe Andries
van der Merwe C
van der Merwe Christiaan Pieter (verwys nota 3)
van der Merwe Frederik J
van der Merwe Jan
van der Merwe Josias
van der Merwe L P
van der Merwe Lukas J
van der Merwe M
van der Merwe Willem
van der Schyff D
van der Schyff J D
van Deventer Jan (a1b5c10d6)
van Dyk Joseph
van Dyk Sybrand
van Gass Ferdinand Paul George (b1)
van Gass J F
van Jaarsveld A
van Loggerenberg Hendrik
van Niekerk Izak Andries (b3c7d4e4)
van Niekerk J A P
van Niekerk Pieter Johannes
van Rooyen Cornelis J
van Rooyen Dirk
van Rooyen G T
van Rooyen Gert F
van Rooyen Gert Reinier
van Rooyen I
van Rooyen Lukas
van Rooyen Stephanus
van Schalkwyk Christiaan
van Schalkwyk Gert
van Staden Cornelis
van Staden V C
van Straten Jacob
van Venen D
van Vuuren P
van Zyl Jacobus
Venter Albert
Venter C I
Venter P A
Venter Willem Daniel
Vermaak Cornelis
Vermaak J
Viljoen Christoffel
Viljoen Gideon
Viljoen Johan H
Viljoen M

Viljoen Sarel
Visagie Jan
Visser

**Notas:**
1 Gewond gedurende die slag van Bloedrivier.
2 Dood gedurende die opvolg operasie om Dingaan te probeer vang op 27 Desember 1838.
3 Slegs lig gewond gedurende die slag van Bloedrivier.

**Ander brokkies inligting:**
Johann Bernhard Rudolph was van die begin van die trek betrokke met die administrasie en is in 1839 as die eerste Weesheer aangewys en in 1842 as Landros van Pietermaritzburg.
Lucas Johannes Meyer aangestel as die eerste Ontvanger van Inkomste.
William Cowie is die persoon na wie Cowie's Hill naby Pinetown vernoem is.
Thomas Jervis Biddulph was 'n 1820 Settelaar.
Coenraad Snyman was 'n fotograaf. Hy was ook baie groot, so groot dat hy nie perd kon ry nie. 'n Broek van hom is in bewaring by die Gelofte Kerk Museum in PMB.
Hendrik Jacobus Martens is aangestel as die eerste bode van die hof.

# Daar is ook bronne wat verwys na 407 blankes. J.G. Bantjes verwys egter na sowat 464 blanke manskappe uitsluitend die kommandante. Daar is ook bronne wat verwys na sowat 200 swartes wat saam met A. Biggar, E. Parker en R. Joyce aan die geveg kom deelneem het.
## Ander bronne: P.S. de Jongh, Sarel Cilliers; E Smit, Dagboek van Erasmus Smit; J.A. Heese & R.T.J. Lombard, SA Geslagsregisters; De Villiers & Pama, Geslagsregisters van ou Kaapse Families; B. Cilliers, Genealogieë van die Afrikaner Families in Natal; SABW 1-5; A. Walker, The Great Trek.